



# Fynbos

## Kleinmond

Natuerbewaringsvereniging  
Nature Conservation Society

No/Nr 179 November 2024

Reg no / nr 005-622 NPO

[www.kleinmondnbv.co.za](http://www.kleinmondnbv.co.za)

[info@kleinmondnbv.co.za](mailto:info@kleinmondnbv.co.za)



# Bateleurs

## in the Kalahari and bushveld

Images Riaan Swart

**You probably know that the Bateleur is Bird of the Year 2024, and here are a few (albeit belated) facts about the bird.**

The Bateleur or Berghaan goes under the scientific name *Terathopius ecaudatus*, which refers to its "beautiful face" (*Terathopius*) and "tailless appearance" (*ecaudatus*).

A Bateleur soaring high in the sky is unmistakable. In flight it glides with upturned wing-tips, reaching speeds of between 50 km/h and 80 km/h. It can fly for up to 400 km per day to find prey.

When it perches, its black plumage, grey shoulder markings and wings extending beyond the very short tail also make it easy to identify. It generally has a chestnut coloured back and its cere, featherless face and legs are bright red.

Its food consists of small mammals, birds and reptiles. Their search for mammals unfortunately makes them vulnerable for road kills.

Today Bateleurs occur only in the larger game reserves and adjacent areas. They prefer Kalahari habitats,

(to next page)



# Bateleurs

(From front page)

savanna and mopanie thickets. The Kgalagadi Trans-frontier Park, the Kruger National Park and the lager reserves in Zululand are their last outposts in South Africa.

The number of Bateleurs has decreased dramatically recently and the bird is listed as threatened. It is estimated that there are fewer than one thousand pairs left and that their numbers will dwindle by a further 20% over the next 27 years.

From the Birdlife Overberg newsletter at <https://birdlifeoverberg.org.za/2023/10/the-bateleur-as-the-bird-of-the-year-2024/>

**The number of Bateleurs has decreased dramatically recently and the bird is listed as threatened. It is estimated that there are fewer than one thousand pairs left.**

## Ons blomuitstallings

'n Paar lede van die vereniging werk agter die skerm om ons blommeprag bekend te stel en mense bewus te maak van die groot verskeidenheid spesies by ons voordeure.

Vir hierdie werk moet hulle elke jaar spesiale permitte by OM en CapeNature kry.

Met permitte gewapen gaan pluk hulle elke week van ons mooiste blomme en stal dit dan uit by drie plekke in die dorp: die biblioteek, die toerismekantoor en die gholfbaan.

Hulle maak baie seker dat hulle geen plante pluk wat bedreig is of op die rooi datalys as kwesbaar, seldsaam en byna bedreig gelys word nie. Hulle pluk ook net voorbeelde af as daar redelik baie van die spesie in die omgewing is. Hulle wil beslis nie 'n eensame plantjie of bolplant van hulle dikwels enigste blom beroof nie!

Nogtans is daar elke week meer moontlikhede as spasie, en hulle moet streng selfbeheersing toepas om net die regte hoeveelheid te pluk.

Baie dankie vir julle harde werk, blomplukkers! (Maar ons het 'n spesmaas julle kan nie wag vir julle beurt om die veld in te vaar en te sien wat alles blom nie.)





Vic Brink

*Coprosma repens* is baie mooi in tuine, maar in die kusreservaat neem dit oor, soos hierdie een by die parkeerplek op die punt van Eerste Straat. Dit is inheems aan Nieu-Seeland.

## Indringers in die kusreservaat

Kleinmond se kusreservaat is reeds in die sewentigerjare van die vorige eeu geproklameer, en die munisipaliteit en KNBV werk hard om dit toeganklik vir die publiek te maak sodat hulle die mooi omgewing, die branders en die planterykdom kan geniet wanneer hulle daarlangs stap.

Ongelukkig het daar mettertyd heelwat uitheemse plante en selfs indringerplante uit nabygeleë tuine ontsnap en die beheer daarvan is 'n nimmereindigende werk. Inwoners van Kusweg maak dikwels in die stukkie reservaat oorkant hul huise tuin. Dit lyk baie netjies, maar is dit is ongelukkig onwettig.

OM en KNBV beplan dus om in die nabye toekoms daar 'n gefokusde poging aan te wend om alle indringers en uitheemse plante uit die gebied te verwyder. Dit sal stelselmatig gebeur, maar hulle hoop dat daar uiteindelik 'n stukkie kusreservaat sal wees wat net ons inheemse kusplantegroei sal bevat. En daaronder is verskeie endemiese, uiters skaars en spektakulêre plante!



Vic Brink

### ***Fynbos* is die nuusbrief van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

### ***Fynbos* is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the editorial committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Carl Swart (cjswart2349@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)



# “*Vini, vidi, vici!*” Australian myrtle

The Australian myrtle could well have echoed Julius Caesar’s immortal words when it arrived in South Africa in 1850, imported as a windbreak on the Cape Flats and to stabilise the sandy soil.

People soon started to plant them as hedges in their coastal properties.

And just like that this enemy of fynbos and fragile coastal habitats conquered coastal regions from the Peninsula to the Eastern Cape.

The myrtle (*Leptospermum laevigatum*) is an extremely hardy plant and propagates extremely efficiently, especially after fires. Its fruits, containing the seeds, are only released when the tree dies, usually as a result of felling or fire. The new plants soon form dense and impenetrable stands that outcompete and replace indigenous species.

Invasive species are controlled by the National Environmental Management Act. The pertinent laws are the Biodiversity Act, 2004 (Act no. 10 of 2004) and the Alien and Invasive Species (AIS) Regulations which became law on 1 October 2014. The AIS Regulations list 4 different categories of invasive species that must be managed, controlled or eradicated.

Australian Myrtle is in Category 1B which means that they must be controlled and wherever possible, removed and destroyed. Any form of trade or planting is strictly prohibited.

If the myrtle grows within the boundaries of your garden, you may leave them there. You will however do the fynbos a big favour by removing them. It is OM

**Australian Myrtle is in Category 1B which means that they must be controlled and wherever possible, removed and destroyed. Any form of trade or planting is strictly prohibited.**

policy to remove these plants from all open areas belonging to OM as well as from empty plots that are not cared for by their owners.

Kleinmond’s Hacking Group has spent many hours getting rid of myrtle plants in areas around the village. After the 2022 fire myrtle plants appeared in their thousands. At the moment they can be removed by pulling them up, but soon the plants not removed will be so big that they need to be cut down and treated with herbicide.

According to the Hacking Group records nearly 18 000 myrtle plants have been destroyed from the beginning of this year. For the previous year it was approximately 30 000. Invasive plants cannot be completely destroyed, but they can be controlled if concerned groups continue to be vigilant and patrol the area regularly.

What about the rest of us? What can we do to help? Part of the privilege of living right next door to an internationally declared and acclaimed biosphere is helping to look after this precious section of the world. Please try to keep problem invasives out of your garden!



# Eko-bediening

**Dit het klein begin met 'n groep entoesiastiese vrywilligers. Dis nou mense wat op 'n Saterdagoggend in wind en weer rommel gaan optel het.**

Kleinmond se mense is wonderlik!

En die Kleinmond-Ekobediening het van krag tot krag gegaan. Dit het in 2019 begin as inisiatief van die NG en VG Gemeentes van Kleinmond en die aanvanklike 16 lede het intussen gegroei tot meer as 70.

Daar is nou kwartaallike byeenkomste waar kenners oor ekologie en Christenskap praat en die bestuurspan verslag doen van sy doen en late. Ander organisasies en kerkgroepe is welkom om hande te vat en saam te werk.

Maar daar word nie net by praat gebly nie. Daar is gereelde skoonmaakdae in die omgewing, herwinning word aangemoedig en die proppies&doppies- en broodsakkielknippie-projekte word aktief gedryf. Die Eko-jeugtaakspan betrek die volgende geslag deur die Strandlopers, 'n baie aktiewe laerskoolgroep. Daar is ook verskeie ander spesialis-groepe.

**Oud en jonk het op 21 September aan die Internasionale Kusskoonmaakdag deelgeneem. 16 sakke (54.3kg) gewone rommel en 15 sakke (82.1kg) herwinbare rommel is opgetel. Al hierdie data is op die *Clean Swell*-webwerf geplaas. (Foto's: Joanne Momsen)**



**Daar word omgebuig om elke stukkie rommel uit die omgewing te verwyder voordat dit die see bereik.**



# Overstrand se mense Bioblits

## Die Groot Suidelike Bioblits 2024 het gekom en gegaan.

### Wat is dit?

Jy kan wel vra. In kort is dit 'n internasionale kompetisie om te bepaal watter streek in die suidelike halfgrond met die grootste spesie-diversiteit spog.

Daar is egter 'n baie gewigtige wetenskaplike oogmerk ook. iNaturalist.org is 'n internasionale burger-wetenskaplike platform waar gewone mense en wetenskaplikes waarnemings van lewende organismes kan aanteken in foto- of klankgreep-formaat. Sodoende word 'n databank van alle lewende organismes op aarde stadigaan versamel, en potensieel uiters waardevolle inligting aan wetenskaplikes toeganklik gemaak.

### Hoe werk dit?

Elke jaar neem Overstrand deel aan twee Bioblitse, en die Groot Suidelike Bioblits of GSB gebeur in die suidelike halfgrond se lente. Oor 'n tydperk van 4 dae loop deelnemers met hul kameras rond en neem alles af wat leef en beef. "Alles" is alle plante, diere en fungi, of bewyse van hul teenwoordigheid, wat binne die grense van 'n spesifieke streek val (troeteldiere en mense is uitgesluit).

Dan is daar twee weke waartydens 'n mens jou foto's of klankgrepe op iNat se toep of webblad laai en help identifiseer. Die bestaande databasis het intussen al baie slim geword en kan jou gewoonlik met jou identifikasie help. Daar is ook kenners wat verder help.

Daar was 186 afgebakende streke wat deelgeneem het en daar is drie kategorieë: aantal waarnemings (jy kan verskillende foto's van verskillende plante in een spesie waarneem as jy wil), aantal spesies en aantal waarnemers.

### Waarom neem Overstrand deel?

Overstrand het weer vanjaar deelgeneem. Waarom? Die organiseerders sê:

1. Ons wil bitter graag al die spesies wat in die Overstrand voorkom en in die lente sigbaar is, op iNaturalist.org versamel.
2. Ons wil ons fantastiese biodiversiteit met die wêreld deel.
3. Ons wil natuurlik wen!
4. NB: Ons data word deel van ons kollektiewe kennis oor wat hier voorkom en waar, en is toenemend waardevol vir navorsing en bewaring.

### Het ons toe gewen?

Wel, amper!

In die suidelike halfgrond is 26 347 waarnemings van 26 501 verskillende spesies gelaai deur 8 747 waarnemers uit 186 streke. Beslis 'n prestasie op sigself!

Verder lyk die resultate so:

#### Aantal waarnemings

Die wenners was Greater Melbourne met 20 651 waarnemings. Tweede was Overstrand met 14 593, en Kaapstad was derde met 13 936.

Pondoland, Overberg, Tuinroete en Kaapse Wynlande was ook onder die eerste 10, dus was daar 6 SA streke onder die voorlopers. Drie van die tien was van Australië en een van Brazilië.

#### Aantal spesies

Greater Melbourne het weer skoonskip gemaak met 2 423 verskillende spesies. Coffs Harbour Region in Australië was tweede (2 072), Pondoland was derde (2 035 spesies), en Overstrand vierde met 2 034. Kaapstad was vyfde met 1 982 spesies.

Ander SA streke onder die eerste tien was Tuinroete, Overberg en Kaapse Wynlande. Onder die voorlopers was daar 6 SA en 3 Australiese en een Nieu-Seelandse streke.

#### Aantal waarnemers

Greater Melbourne het 880 waarnemers gehad, Kaapstad 381 en Overstrand 'n skrale 188. Ons is hier uitgestof deur twee SA streke, vyf Australiese streke en een Brasiliaanse streek.

As mens besef hoe min waarnemers daar in die Overstrand was in vergelyking met die ander voorlopers, moet ons deelnemers beslis 'n klop op die skouer kry.

Geluk, Overstrand!

En dit is ook 'n bewys van die fantastiese biodiversiteit hier aan die voet van die Kogelberg. Jy kan omtrent nie een tree gee of jy trap op 'n nuwe spesie nie. Beslis iets om te koester en te bewaar!

### Overstrand se wenners

Die Overstrandse wat die meeste waarnemings gelaai het was Suzette Vermeulen (1573), Adele Lamprecht (1262) en Jan Momsen (1153).

En dié wat die meeste spesies gelaai het, was Suzette Vermeulen (552), Renata Kruyswijk (530), Adele Lamprecht (493), en Jan Momsen (438). Maar elke deelnemer verdien 'n gelukwensing. Elkeen het bygedra tot die kennis van ons pragtige omgewing. Julle het wonderlike werk gedoen!





Die foto's hierbo wys die spesies wat die meeste tydens die GSB waargeneem is: Bietou (*Osteospermum moniliferum*) – 87 waarnemings, Blou sysie (*Geissorhiza aspera*) – 86 waarnemings en Rooistompie (*Mimetes cucullatus*) – 81 waarnemings.



Net een waarnemer het die pragtige aronskelkrietpadda (*Hyperolius horstockii*) tydent die GBS raakgesien. Hierdie een is 'n paar jaar terug in 'n tuin afgeneem op 'n plant net langsaan 'n aronskelk.

Hierdie *Trachyandra* is tydens die GBS op 'n oop erf in Fisherhaven raakgesien. Dit is nog nie tot op spesievlak geïdentifiseer nie en daar word gewonder of dit nie 'n spesie is wat nog nie beskryf is nie. Die waarskynlikheid dat dit binnekort weens die ontwikkeling van die erf in die slag sal bly, is baie groot.



Magriet Brink

## Help to protect our marine environment

**Use** WWF's Southern African Sustainable Seafood Initiative (SASSI), the app-based tool which shows the sustainability status of what you're eating. Find the app here: <https://wwfsassi.co.za>

**Volunteer** on Coastal cleanup days. Kleinmond's Eco Ministry has regular clean-up days. Find them here: Carlo Böhmer at 083 334 5675

**Report** poaching and illegal harvesting here: Marine Law Enforcement 028 313 8000

**Recycle** as much as possible. Overstrand Municipality collects your recycle bag on waste collection days. Get your first white bag at the Municipal Office in Kleinmond. When your bag is collected, a new bag will be tied to your fence.

**Handle** sick or injured marine life responsibly. What to do:

1. Do not approach or touch!
2. Take careful note of the location
3. Contact:
  - African Penguin & Seabird Sanctuary. 072 598 7117. [orpenguin@apss.org.za](mailto:orpenguin@apss.org.za)
  - Overstrand Municipality's Environmental Department. 028 316 3724
  - Kogelberg Biosphere Wildlife Rescue (terrestrial animals only). Michelle Watson. 073 314 0674.
4. Have this information ready: type of animal, its condition, visible injuries (if any)
5. Stay in the area until help arrives, but at a safe distance.

# KNBV beplan sy 50ste

## Kan jy help?

**Die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging is in Oktober 1975 gestig na 'n openbare vergadering wat deur bykans 100 belangstellendes bygewoon is. Dr Douglas Hey, destydse direkteur van Kaaplandse Natuurbewaring, was die geleentheidspreker.**

Aangesien die gedagte algemeen byval gevind het, is die vereniging amptelik gestig en 'n bestuurskomitee aangewys. Die lede was maj JFC Prins (voorsitter), prof Felix Lategan (ondervoorsitter), mnr JJ du Plessis (waarnemende sekretaris), mev E Vlok en M Schmidt, mnre W Ebersohn, WJJ de Beer, G Bailey en I Loader met dr Marie Vogts en ds D Hamman as addisionele lede.

Van die eerste aktiwiteite waaroor daar verslag gedoen is, is die uitroei van indringers soos hakea, mirte, denne en wattel. Daar is 'n beroep gedoen op inwoners om dorpsere ook skoon te maak van indringers. Die publiek se belangstelling is aangewakker om Kleinmond se pragtige omgewing te beskerm.

Na bykans 50 jaar gaan die stryd teen indringers steeds voort, maar danksy die volgehoue werk en toewyding van die lede van die kaspans kan ons vandag met reg trots wees op hoe die natuur rondom Kleinmond lyk. Gaan kyk gerus by die biblioteek, gholfbaan en

toerismekantoor na die weeklikse uitstallings van Kleinmond se fynbos.

In 2025 sal die vereniging sy 50ste verjaarsdag vier. Verskeie geleenthede, uitstappies en vieringe word beplan. Hou maar die nuusbrieff dop vir meer inligting oor alles wat voorlê.

Deel van die voorbereiding vir die 50ste herdenking is om al die jaarverslae en notules van jaarvergaderings te bewaar en te digitaliseer. Deur die jare het bestuurslede gewissel en het daar ongelukkig 'n aantal jaarverslae en notules verlore geraak.

Miskien kan jy help! Ons wil baie graag 'n volledige stel jaarverslae en notules opbou. Miskien het jy een van die verlore notules of verslae in 'n ou lêer of dalk op die hardeskyf van 'n ou rekenaar. En miskien weet jy van iemand wat dit moontlik kan hê.

Die ontbrekende verslae is:

Jaarverslae van 1982 tot 1993, 2003 en 2007 tot 2009.

Notules van jaarvergaderings van 1982 tot 1988, 1990, 1991, 2000, 2001, 2002, 2007, 2008 en 2009.

Kontak ons asseblief as jy een van bogenoemde kan vind!

## Kelp is vital to marine life

**Our biosphere includes a marine component of 24 500 hectares, with more than 3 500 endemic marine species.**

This coastal belt and Marine Protected Area is home to the highly threatened abalone and is a breeding place for many fish and other marine life. A vital part of this area is the kelp forests.

### **Kelp is a biodiversity hub**

Kelp forests have high levels of biodiversity as their three-dimensional structures provide both shelter and food.

Dense kelp forests create calmer microhabitats by lowering the force of waves. Species at different levels within the foodchain can therefore inhabit this area.

### **Kelp provides coastal protection**

Kelp acts as a natural defence system against tidal waves and can influence the strength of individual waves.

Dry kelp protects sandy beaches against wind erosion.

### **Kelp provides carbon storage**

Kelp ecosystems take up inorganic carbon (including carbon dioxide) and convert it into organic biomass,



making it a key component within the carbon cycle.

### **Dry kelp provides nesting sites**

Many shore birds use the dry kelp on sandy beaches as nesting sites.

### **Dry kelp is a food source**

The tiny sand hoppers and flies living on the washed-up kelp are an important food source for shorebirds.

From *Kogelberg Biosphere News*, September 2024 ([www.kogelbergbiosphere.org.za](http://www.kogelbergbiosphere.org.za))